**Skriflesing:** Joh 3:16; Joh 13:34-35; Joh 15:9-17
**Tema:** Vanuit God se liefde, het ons lief.

By nagmaal vier ons ware liefde.

In die eerste plek vier ons God, die Vader, se liefde vir sy Seun, Jesus Christus, en die Seun se liefde vir sy Vader.

By nagmaal, soos by die doop die afgelope 3 sondae, vier ons ook God se liefde vir ons.

Aan kruis word God, ons Vader, se liefde vir ons sigbaar. In die bekende Johannes 3:16 word ons verseker: "God, die Vader, het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."

Aan kruis word God, die Seun, se liefde vir ons sigbaar. Deur brood en wyn kan ons vanoggend daaraan vat en dit proe.
In Johannes 15:9; 13 en 16a verseker Jesus ons hiervan:
"[9]"Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly.
[13]Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.
[16]Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou."

Aan die kruis, sien ons wat liefde is:

- Liefde wat nie vat nie, maar **onvoorwaardelik gee.** Jesus het sy lewe in liefde vir elkeen van ons afgelê. Dit het Hy nie gedoen ter wille van wie ons is nie, maar ten spyte van wie ons is.
  Hy het die misdadiger langs Hom aan die kruis verseker: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." (Luk 23:43)

- Liefde is **diensbaar, dit het vir Jesus nooit oor Homself gegaan het nie.**
  Jesus pleit vir hulle wat Hom mishandel, gespot, gegesel en gekruisig het. Hy pleit vandag weer opnuut vir my en jou: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!" (Luk 23:34)

- Liefde het **tot die einde toe lief**.

Maar ons kom nie net nagmaal toe om God se liefde vir ons te vier nie. **In dankbare geloofsreaksie op sy liefde, het ons Hom lief.**

Ons sing iets hiervan in Lied 396:
**Aanskou die Heiland, sien die kruis**
1. Aanskou die Heiland, sien die kruis -
   die Hemelvors, verag, verguis.
   Vir my het Hy Hom daar laat hang.
   Hy leef, Hy sterf - in my belang.

3. Vir al my skuld het Hy betaal;

vir my in helle-angs gedaal.
Sy kruis, sy liefde onbegrens,
ontsluit in my 'n nuwe mens.

4. Hom kan ek nou met vreugde dien
in ruimte deur sy kruis voorsien.
'n Liefde so volmaak en vry
eis alles, alles ook van my.

**Hierdie liefde vir Hom, word sigbaar in ons liefde vir mekaar.**
In Johannes 13:34-35 sê Jesus:
"Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê
**Soos** Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.
As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."
Die gebod van liefde vir mekaar is nie nuut nie nie. Wat is nuut aan sy gebod? Die "**soos**" is nuut. Dit bepaal die omvang van ons liefde.

Ons dop so baiekeer hierdie toets. Hoe is moontlik om mekaar lief te hê **soos** Hy ons liefhet?

In Johannes 15 gebruik Jesus 'n beeld van 'n wingerdstok.  Soos lote hul lewens- en vrugdra sap van die wortel en stok kry, so moet ons in geloof in Hom as stok bly. Dan vloei sy liefde in ons in en vul ons lewens.
Hierdie liefde vul nie net ons lewens nie, dit maak dit oorvol. Dit maak ons 'n fontein van sy liefde wat uitvloei uit ons lewens.
As ons as lote so, in 'n hegte geloofsverhouding in Hom bly, sal ons sy opdragte uitvoer. Dan sal ons mekaar kan liefhê soos Hy ons liefhet.

Wanneer ons nagmaal gebruik, bely ons ons afhanklikheid van die Here:
"Here, ek kan nie liefhê sonder U nie. Soos wat U in my bly, wil ek, in geloof- en geloofsgehoorsaamheid in U bly."

Soos wat die brood en wyn wat ek eet en drink, deel van my liggaam word, word so al meer en meer deel van my. Laat u liefde in my in vloei.

Ek laat toe dat die Heilige Gees u liefde in my werk, sodat dit uitvloei uit my lewe en my lewe die vrug van liefde vir God en liefde vir ander dra."

By nagmaal verseker God, Vader, Seun en Heilige Gees ons van sy liefde vir ons.
Ons word hiervandaan **uitgestuur om soos Hy lief te hê**.
Gedring deur sy liefde en met die smaak van sy liefde op ons lippe, geënt in Hom as stok, vloei sy liefde deur ons. Sy liefde kring van my af uit na my man of vrou, kinders, vriende, kollegas en tot by my vyande.

- Liefde wat nie vat nie, maar onvoorwaardelik gee. **Soos Hy gee ek my lewe, myself, tyd en besittings.**
- Liefde wat **diensbaar** is. Dit gaan nie oor my nie. Dit fokus op jou belange en behoeftes.
- Liefde wat **tot die einde toe liefhet**.

Amen